BEROEPENUUS– (15 Sept. 2013)
Geen nuus ontvang nie

FOTO-PROJEK—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is **muriel@muriel.co.za.** Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan…

WAT BETEKEN DIE KERK VIR U– J.A. Breytenbach– *vervolg van verlede week*

a) Die leer en lewe word geskei - dus die belydeniswat dorre leer is, en die lewe, wat deur die wederbarende werking van die Gees tot stand kom. b) Die wedergeboorte word opgevat as iets wat bo enbehalwe die Woord, deur die Heilige Gees plaasvind, dit dra die karakter van iets ekstra, deur die Gees verrig. c) Die doop hou meer in as 'n belofte, die doop staan soms direk in verband met uitverkore wees. Hierdie verbinding is in die latere leeftyd nie altyd sigbaar nie, en dan keer sommige die rug daarop en ondergaan hulle die sogenaamde "gehoorsaamheidsdoop". d) Die verbondskarakter van die doop en van kerkwees vervaag onder hierdie verband wat met die uitverkiesing getrek word. In reaksie teen pogings om aan bekering 'n datum te heg en dit so voor te skryf vir al die kerklede, word geloof iets outomaties wat uit die uitverkies-wees voortvloei. Of dit is 'n objektiewe gegewe op die lees van Barth, min of meer universeel. So word die persoonlike geloof in Christus ontredder en die begrip van die verbond vaag. e) Aan die anderkant word uitverkiesing dikwels Arminiaans opgevat asof God hulle in die ewigheid uitverkies het van wie Hy weet dat hulle vir Horn sal kies. f) Soms leef daar 'n beskouing dat God sy kinders by hulle doop die genade (amper op 'n Roomse wyse) ingee, en dat dit uitgroei tot geloof. Dan moet hierdie geloof opgewek word deur bekeringsprediking. Die gemeente is nie verbondsgemeenskap nie, maar wel (individueelgewys) gemeenskap van gelowiges. g) Die "lewe" van die persoon wat "aangeneem" word om lidmaat te word, moet reg wees. In die praktyk is daar dooplidmate, maar belydenis van geloof gee toegang om lidmaat te word. Die verbond funksioneer nie werklik nie. Die gang van doop tot toelating aan die nagmaal word nie in fokus gesien nie. Die belydenisskrifte word in 'n mate behandel, maar bly buite staan, iets afsonderliks van die "lewe" in Christus. Dat die "lewe" reg moet wees, is simptoom van die onder-skeiding van die kerk in ware gelowiges en dooie lidmate, in sigbaar en onsigbaar. So kom dit dat spesiale opwekkingsdienste en evangelisasieprogramme binne die gemeente van stapel moet loop. So kom dit dat daar vrede gesluit word met die ongeloof, en lewende lidmate die dooies maar saamdra. So is dit dat mense tugteloos lede van diekerk bly. So is dit maar in die kerk, word gereken. *Word vervolg*

16/09– Jan van der Linde 0832307682	19/09– Pat Weideman 0721929939
17/09– Fanie Coetzee 0827836042	*20/09– Duppie du Plessis* *0767131573*
18/09– Rudolf Bester 0827778003	21/09– Johan Muller 0832273599
19/09– Rina Aucamp *823242697*	21/09– Jan-Ras van der Linde 0766521462
19/09– André Buys 0826739161	22/09– Alwyn Wolmarans 0732996865
19/09– Stephan du Plessis 0826732884	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur*

Baie geluk met u verjaarsdag

As jy nie kan goeie geselskap kry nie, probeer om die wat jy kry goed te maak – CJ Langenhoven

Die Krugertjie

15 September 2013

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: Markus 4:26-34
Teks: Markus 4:28
Sing: Ps. 104:1,2,8,9; Ps. 40:3; Ps. 119:44; Ps. 29:5

DIT WAT ONS NIE KAN DOEN NIE

Die gelykenis van die saad wat self groei en opskiet gebeur op 'n manier wat ons in God se hande moet laat. Die woord wat Markus hier onderstreep is die woord *vanself... vanself bring die aarde vrug voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar...*

Hier is 'n kragvolle geheimenisvolle werking en verbaas kyk die saaier na wat besig is om plaas te vind. Hy wat die saaier is weet nie presies hoe al hierdie dinge gebeur het nie, dit lyk of dit "vanself" gebeur het maar hy kan maar net sy sekel uithaal.

Ja, Markus sê ***29*** *En wanneer die vrug dit toelaat, steek hy die sekel dadelik in, omdat die oes daar is.*

KATKISASIE– Katkisasie gaan voort

TWEEDE EREDIENS–
Skriflesing: Psalm 19;
2 Petrus 1:19-21; 2 Timotheus 3:14-17
Teks: 2 Petrus 1:21 ; 2 Timotheus 3:16
Nederlandse Geloofsbelydenis: Artikels 2-3
Sing: Ps. 8:3,4; Ps. 86:5; Ps. 147:2

DIE KéN VAN DIE HERE

Hoe belangrik is dit vir u om die Here te ken? Kan daar iets belangriker in ons lewens wees? In Hosea 6:3 lees ons ***3*** *En laat ons ken—laat ons dit najaag om die HERE te ken…*

Moses is al 'n ouman as die gebeure in Deut. 6 plaasvind. Hy praat met sy geliefde volk, hy neem afskeid, hy weet hy gaan binnekort sterwe, maar soos 'n bekommerde vader praat hy met sy kinders.

Hy wil wil dat oud en jonk, ons en ons kinders werklik God goed moet leer ken…

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 16 en 17
Ouderlinge: Frikkie van Schalkwyk en Jan Fanoy
Diakens: Willem du Plooy

Volgende Sondag (22/09) – Wyke 20 en 21
Ouderlinge: Marius Coertze
Diakens: Henry Foster en Eugene Koole

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Br Piet van der Kooi se gesondheid is nie goed nie. Ons dink aan hom en sr Nelie en die familie in hierdie sware tyd. **Br. Kallie Tromp** het ook groot terugslae in sy gesondheid gehad. Aan hom en sr Amanda word die krag van die Here toegebid. **Br Phil van der Merwe** wat weer deur 'n hele proses van kanker-behandeling moes gaan se gesondheid verkeer onder groot druk. Hy is weer tuis maar dit gaan swaar en hy is baie swak. Hy moet DV weer op 5 Des vir verdere behandeling gaan. Ons dink aan hom en sr Nakkie in hierdie sware tyd.

Sr Margaretha Coetzee word volle herstel toegebid na die knievervangingsoperasie wat sy Donderdag ondergaan het. **Oudl Jan Fanoy** is tuis na sy operasie. Dit gaan met hom goed en ons bid hom volle herstel toe. **Sr Amelia Boshoff** het 'n groot rugoperasie ondergaan. Sy is ook tuis. Mag die operasie geslaagd wees en sy volkome herstel.

Sr Magriet Venter se ma het geval en baie seergekry. Ons dink ook aan haar en almal wat haar moet bystaan. **Sr Pina Schalekamp** het geval en haarself seergemaak. Ons vertrou dat dit nie te ernstig is nie en sy van die seer gou mag herstel. **Sr Hester van Vuuren** wat swak is en baie dae groot ongemak moet verduur word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. . **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

ZAMBIë– VOERTUIG

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die kerkverband amper sy R87000 kerf bereik. Dit nadat daar amper R3000 uitbetaal is vir die herstel van die ou kombi wat die Gerf kerk Naboomspruit aan ons geskenk het om te herstel en dan vir die Zambië-fonds te verkoop. Ons poog om 'n verdere R40 000 te verkry vir die bediening en sending-werk in Zambië.
n Voertuig is dringend noodsaaklik. Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel.
http://bit.ly/105wmGY
As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig.

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Gerf kerk Uitenhage Instand-houding
22/09/2013 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Ramings Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
10/09	Finans-en Advies vergd
12/09	Kerkraadsvergd
17/09	Klassis-vergd Daspoort
20/09	Skole sluit
20-22/09	Gemeentekamp

SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.
Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

MEINTJESKOP-GHOLFDAG

Volle besonderhede op kennisgewingbord aangebring.

GEMEENTE-KAMP

Die komende naweek is DV ons jaarlikse gemeentekamp by Mopani-lodge. Ons vertrou dat die kamp vir almal wat daaraan deel sal hê 'n verrykende en geseënde kamp sal wees.
As daar enige onduidelikhede of vrae is, kan u met oudl. Boere Smith kontak - 0834823303
Ons is dankbaar vir die wyse waarop hy die meeste van die kamp reëlings hierdie jaar weer op hom geneem het. U kan ook met ds. Petrus kontak.

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 5:27-28

5:27-28, egbreek – Dit mag lyk asof die Sewende Gebod net van die **daad** van egbreuk praat, maar Jesus bring die Tiende Gebod hierby: selfs net die verkeerde begeerte is oortreding van die Wet.

5:29-30, ruk dit uit, ens. Ter wille van behoud van jou lewe moet jy selfs onmisbare dinge soos oë en hande wegwerp.

5:31-32, egbreuk – *Christus het ons dit as die een wettige rede vir egskeiding nagelaat. Die huwelik word deur hoerery verbreek.* BVA noem dat selfs die oppervlakkige uitleg van Deut 24:1 die Sewende Gebod oortree.Vgl Matt 19:3ev en Mark 10:2ev. Die huwelik mag nie verbreek word nie.

5:33, Sweer – Die Derde Gebod kom dan aan die beurt: Die eer van God se Naam. Lev 19:12: "En julle mag nie vals sweer by My Naam en so die Naam van jou God ontheilig nie. Ek is die HERE." Ligvaardige ede word verbied. Die Skrifgeleerdes het dit op baie maniere probeer omseil, en dus was nie alle ede vir hulle bindend nie. Vir hulle was net ede by Sy Naam, of by gawes wat aan Hom gewy is, bindend.

5:34-36, by die hemel – Elke eed is bindend, want God is by alle ede betrokke. Om by die **hemel** te sweer was vir die Skrifgeleerde nie bindend nie, omdat God se Naam nie genoem is nie. Dit bly egter `n eed by God**,** want Hy troon in die hemele. So ook: By die **aarde** is God betrokke en **Jerusalem** is die Godstad. God beskik oor jou **hoof**.

5:37. Jesus het nie ede verbied nie, en het Self op `n eed van die hoëpriester geantwoord (Matt 26:63ev). **Ja –** Jesus verbied om "ja" te sê, en "nee" te bedoel. *Ons antwoorde moet in alles in opregtheid en beslistheid wees. Totius betrek dit ook op die antwoord van ouers by die Doop.*

5:38-39, Oog vir oog . . . Hier kom Jesus weer terug by die Sesde Gebod. Die Skrifgeleerdes het die Wet verdraai om wraaksug te wettig. *Hierdie vers is deur Totius aangehaal by behandeling van die vraagstuk oor oorlog.* [Dit kan beslis as voorbeeld gebruik word om te verduidelik wat by die verklaring van v 17 gesê is oor sekere beginsels wat nie verander het in die Nuwe Testamentiese tyd nie. Verskillende sake moet verskillend benader word.] *Christus leer `n nuwe houding, selfs teenoor jou vyande.* ***Tog*** *neem dit nie weg dat daar geregverdigde oorlog kan wees nie, bv vir die* ***reg****. Wat wel verval het, is die ou bloedwrekers van die Ou Testament. Nou staan die staat meer as in daardie tye reg as "wreker" en handhawer van die reg, al is dit selfs deur die swaard.* Lees hieroor Rom 13:1-5.
Verdra eerder die onreg as om wraak te neem.

5:40, gereg – Bied aan ander eerder meer aan as wat hulle eis, as om liefdelose teenaksies te voer.

5:41, een myl – As volgende voorbeeld van toegeeflikheid deur gelowiges, noem Jesus die onpopulêre gedwonge diensplig wat die Romeine ingevoer het. Iemand kon bv gedwing word om pos of militêre toerusting een myl ver te dra. Moenie toornige teenstand bied nie.

5:42 – Skrifgeleerdes het Deut 5:7-11 verdraai, dat jy slegs aan jou eie broer aan vaderskant iets hoef te gee. Christus leer **onbegrensde naasteliefde** (BVA). Die woekerverbod van Ex 22:25-27 en elders is deur rykes misbruik, sodat hulle niks wou leen aan ander nie.

5:43, haat – Hierdie woorde staan nie in Lev 19:18 oor die liefde nie, maar omdat daar nie staan dat jy nie mag haat nie, het die Skrifgeleerdes eenvoudig aangeneem dat bedoel word jy moet haat.

5:44, vyande liefhê – *Hier word ander eise gestel vir die optrede van gelowiges teen-oor mense wat nie deel van die gemeente is nie, as die optrede teenoor "broeders", soos in Matt 18 geleer word. Hierdie ander eise word ook belig in Luk 10:25-37, Gal 6:10 en 2 Thess 3:15, ens.*
Teenoor aktiewe dade van haat, moet aktiewe dade van liefde staan. Jesus leer om lief te hê, te seën en goed te doen.
Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

30 Aug. 1864– Siener van Rensburg gebore; *1 Sept. 1900–* Brittanje annekseer Transvaal; *2 Sept. 1814–* Dirk van der Hoff gebore; *3 Sept. 1811–* Karel Trichardt gebore; *3 Sept. 1880–* Ds. Daniel Lindley oorlede ;*3 Sept 1900–* OVS geannekseer; *5 Sept. 1900–* Kmdt. Danie Theron sneuwel; *6 Sept. 1966–* Dr. HF Verwoerd vermoor; *7 Sept. 1801–* Sarel Cilliers Voortrekkerleier gebore; *7 Sept. 1975–* Miemie Rothman (MER) oorlede; *8 Sept. 1916–* Hendrina Joubert egg van genl. Piet Joubert oorlede; *8 Sept. 1901–* Dr. HF Verwoerd gebore; *11 Sept. 1900–* Pres Paul Kruger verlaat SA finaal; *12 Sept. 1950–* Genl. J.C. Smuts oorlede; *15 Sept. 1914–* Genl. JH de la Rey doodgeskiet; *17 Sept. 1819–* Pres MW Pretorius gebore ; *19 Sept. 1933–* Ingrid Jonker gebore; *21 Sept. 1912–* Prof. Jan Lion Cachet oorlede*; 22 Sept. 1948–* Paul Roos oorlede; *23 Sept. 1869–* Genl. Christiaan Beyers gebore; *22 Sept. 1950–* SASOL geregistreer; *27 Sept. 1830–* Hendrina Joubert gebore;
30 Sept. 1931– Voortrekker-beweging gestig